

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 33:11-20

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 33:12, 13

Manasse – Ongelooflike, onverdiende genade!

Hierdie aangrypende verse wat God se genade in die lewe van 'n groot sondaar beskryf, word deur die beskrywing van een van die mees goddelose konings van Juda voorafgegaan. Nie alleen het hy nie na die vermaning van die profete geluister nie, hy het die afskuwelikste optrede van die heidennasies nagevolg; hy het die hoogtes wat deur Hiskia, sy pa, verwoes is, weer opgebou; 'n Asjera-beeld binne-in die tempel opgerig; al die hemelliggame tot gode verhef, aanbid en gedien; hy het sy eie seun as 'n offer verbrand; Manasse het ook aan die oproep en raadpleging van geeste deelgeneem, of dit ten minste geduld.

Dan lees ons dat die Here Manasse (laat vergeet) en sy volk aangespreek het, maar hulle het geen ag daarop geslaan nie (vs 10). Die Here slaan toe deur die leëaanvoerders van die koning van Assirië. Hulle steek hake deur sy neus en boei hom met bronskettings. Hulle voer hom weg na Babel.

Dan lees ons: "... toe dit met hom so sleg gaan, het hy die Here God om genade gesmeek, groot berou getoon voor die God van sy voorvaders, en gebid." Dan kom die uitkoms en Manasse is terug met sy koningskap in Jerusalem. Nou erken hy dat die Here God is. Met God se reddende genade aan hom geopenbaar, kon hy hom ten volle aan die Here oorgee. As hy die genadige bedoeling van God met hom en Juda begryp, kan hy nie anders as om reg te maak wat hy verbrou het nie. Hy verwyder, breek af, gooi weg wat verkeerd is, maar versterk, herstel en bou op wat reg is.

Verstaan ons soveel van ons verlossing deur Jesus Christus dat dit ons tot dade van afbreek, weggooi en herstel aanvuur?

Sing: Psalm 36:2 (1936)

Ds. S (Simon) Hibbert (Koster)